

Hulle sê

Die wêreld sê :

Hulle sê mos, "Dis nie wie jy is, dis wie jy ken!"

Jeremia het gesê :

Met wie sal Ek praat? Wie sal luister as Ek 'n waarskuwing gee?

Hulle ore is toe, hulle kan nie luister nie.

Hulle minag die woorde van die Here, hulle vind geen vreugde daarin nie.

(Jeremia 6:10)

Salomo het gesê :

Kennis begin met eerbied vir die Here, net dwase verag wysheid en dissipline.

(Spreuke 1:7)

Wysheid begin daar waar daar ontsag vir die HERE is.

Hy wat die heilige God ken, het werklik insig.

Wysheid verleng jou lewe, gee jou meer lewensjare.

As jy wysheid kry, geniet jy self die voordeel daarvan.

As jy dit verafsku, dra jy self die verantwoordelikheid. (Spreuke 9:10-12)

Moses het gesê :

In die begin het God die ganse heelal gemaak, die hemel daarbo en die aarde hieronder.

Maar die aarde was 'n vormlose, onbewoonbare massa, en die diep waters was toegevoeg in

duisternis. Tog het die kragtige, skeppende Gees van God oor die oppervlakte van die

water gesweef. Toe beveel God: "Laat daar lig wees!" en dit was so. Die lig was vir God

goed. Daarop het God die lig en die donkerte van mekaar geskei. God het die lig "dag"

genoem en die donkerte "Nag". Dit alles het op die eerste dag gebeur. (Genesis 1:1-5)

Johannes het gesê :

Heel aan die begin het die Woord reeds bestaan. Die Woord was by God, en die Woord

was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom ontstaan, en sonder

Hom het nie een ding wat bestaan, ontstaan nie. In Hom was daar lewe, en dié lewe het

gedien as die lig vir die mense. Die lig verlig die duisternis en die duisternis kan dit nie

uitdoof nie. (Johannes 1:1-5)

Die volgende dag sien Johannes *die Doper* dat Jesus na hom toe aangestap kom.

Hy sê toe: "Kyk, daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem."

(Johannes 1:29)

Natanael het gesê :

Toe Jesus Natanael sien aangestap kom, sê Hy oor hom:

"Kyk daar - 'n opregte Israëliet, 'n man van suiwer inbors."

Natanael reageer toe vraend: "Van waar ken U my?"

"Voordat Filippus jou geroep het," antwoord Jesus hom,

"toe jy nog onder die vyeboom gesit het, het Ek jou al gesien."

Toe reageer Natanael: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!"

(Johannes 1:47-49)

Jesus het gesê :

Jesus sê vir hulle: "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger word nie; en wie op My vertrou, sal nooit weer dors kry nie."

(Johannes 6:35)

"Ek verseker julle, wie aanhou glo, het reeds die ewige lewe. Ek is die brood wat lewe gee. Julle voorvaders het in die woestyn manna geëet en tog gesterf. Hierdie is die brood wat uit die hemel gekom het sodat iemand daarvan kan eet en nie sterf nie. Ek is die brood wat lewe gee, wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy vir altyd lewe. En die brood wat Ek beskikbaar sal stel, is my liggaam. Dit is ter wille daarvan dat die wêreld kan lewe."

(Johannes 6:47-51)

Toe het Jesus vir die Jode wat in Hom begin glo het, gesê: "As julle in 'n nou verbintenis aan My boodskap leef, is julle My egte navolgers; en julle begryp wat die waarheid beteken, en die waarheid sal julle vrymaak."

(Johannes 8:31-32)

"Ek is die druiwestok, julle is die lote. Wie aan My verbonde bly en Ek aan hulle, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. Wie nie aan My verbind bly nie, word weggegooi soos 'n loot en verdroog. Hulle maak gewoonlik sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur om te verbrand. As julle aan My verbind bly en My woorde 'n stewige vastrapplek in julle gekry het, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. Dit is juis hierin dat My Vader verheerlik word, dat julle baie vrugte oplewer en my dissipels is. Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet aan My liefde verbonde bly."

(Johannes 15:5-9)

Johannes het ook gesê :

Almal wat openlik erken dat Jesus die Seun van God is - God handhaaf 'n hegte verhouding met hulle en hulle met God. Ons leef uit die wete en is absoluut oortuig daarvan dat God ons liefhet. God is die liefde self en almal wat uit dié liefde leef, leef in 'n hegte verhouding met God en God met hulle.

(1 Johannes 4:15-16)

Wie is die groot leuenaar? Dit is die een wat aanhou ontken dat Jesus die Christus is.

So 'n persoon is die antichris, wat nie die Vader en die Seun erken nie.

Elkeen wat nie die Seun erken nie, het ook nie deel aan die Vader nie.

Elkeen wat die Seun egter erken, het ook deel aan die Vader.

(1 Johannes 2:22-23)

Hieraan herken julle die gees van God: Elkeen wat erken dat Jesus Christus werklik ten volle mens geword het, is van God afkomstig. Elkeen wat Jesus nie erken nie, is nie van God afkomstig nie. Daardie persoon het die gees van die antichris. Julle het mos gehoor dat hy aan die kom is, en hy is nou reeds in die wêreld aanwesig.

(1 Johannes 4:2-3)

-oOo-